# GOD KEN JOU, STEL JOU AAN, EN STUUR JOU!

1. DEEL LIEF EN LEED MET MEKAAR
2. INGENOOI IN GOD SE RUS EN TYD: Raak rustig in God se teenwoordigheid en bid saam.
3. LUISTER NA GOD SE WOORD: Lees Jeremia 1:4-10. God ken Jeremia al van voor sy geboorte. Hierin beleef hy God se aanspraak op sy lewe. GESELS saam oor die werkwoorde in vers 4 en die betekenis daarvan ten opsigte van God se aanspraak op ons lewens: Gevorm – Geken – Gebore – Gewy – Aangestel. Dink jy Jeremia se verskonings in vers 6 was geldig? Wat was God se antwoord in verse 7-8 ? Kyk nou na die werkwoorde in vers 10 wat Jeremia moet gaan doen: Afbreek – Uitroei – Vernietig – Platslaan – Bou – Vestig. Bespreek dat dit negatiewe en positiewe werkwoorde is. Wat se dit vir ons oor wat ons ook vir die Here moet gaan doen?
4. LUISTER NA MEKAAR EN DIE WERELD: profete is ook vandag mense wat ons met God se Woord uitdaag wanneer gelowiges maklik met wereldse agendas werk en God buite rekening laat. Ons is as gelowiges profete, priesters en konings vir God in hierdie wereld. Elke gelowige het 'n profetiese taak om God se Woord te laat praat in die wereld! Is ons gemeente deur God geroep? Waarvoor is ons aangestel deur God in ons omgewing? Wat beteken verse 7-8 vir jou om as profeet God se wil na die wereld te bring ?
5. LUISTER NOU WEER NA DIE WOORD: Lees weer Jeremia 1:4-10. Dink jy God het Jeremia gedwing om sy taak op te neem? Sou sy lewe sinvol wees as hy ongehoorsaam was? Watter geldige verskonings sou jy uitdink om nie jou roeping en aanstelling deur God uit te voer nie? God gee vir Jeremia binne 'n sekere konteks 'n sekere taak – Wat beteken dit vir ons en ons roeping en aanstelling? Wat beteken dit dat God volledig die inisiatief in hierdie roeping geneem het? Jeremia het nie opgewasse gevoel nie, maar God gee aan hom beloftes – wat is die beloftes? Wat beteken dit vir jou wat dikwels ook nie opgewasse voel nie?
6. FOKUS OP WAT GOD DOEN: Lees Psalm 71:6 en Jeremia 1:5 weer deur. God werk vandag nog net dieselfde deur ons gewone weerlose mense! Fokus op dit wat God in jou lewe doen en dat Hy jou volledig sal gee wat jy nodig het, vir jou roeping en waarvoor Hy jou aanstel in hierdie wereld!
7. ANTWOORD MET ONS LEWE: God stuur jou dikwels in konflik in met sy boodskap wat nog meer konflik gaan bring! Moenie terugdeins nie. God is by jou! As dit van God kom sal dit afbreek en opbou! Dit sal eg en gesagvol wees, want dit is God se Woord/Wil. God vertrou jou met die spesifieke konteks waar Hy jou wil gebruik. Onthou, God het jou gekies, jy het nie aangemeld nie. Hy neem die inisiatief! Hy sal jou dra! Jou gevoel van weerloosheid, en swakheid, en dat jy nie opgewasse is nie, laat jou juis onthou Wie jou stuur, en van Wie jy afhanklik is! Hou daarom vas aan die beloftes wat God hier gee! Dit is waarop jy staan, en gaan! Dit alles het in die groter prentjie te make met God se doel met jou lewe. Dit gaan nie meer oor jouself, en dat jy kan lewe soos jy wil nie. God het aanspraak op, en inspraak in jou lewe! LEEF DIE LEWE WAT GOD JOU GEROEP HET OM TE LEWE!

   HY KEN JOU! HY STEL JOU AAN! HY STUUR JOU!
8. BID NOU SAAM oor dit waarin die Heilige Gees julle lei ten opsigte van die tema/bespreking, en dit wat julle ook verder met mekaar wil deel vir voorbidding.